Sing vooraf: Psalm 146:1, 8 (p. 700)

1 Prys die HEER met blye galme,
o my siel, daar 's ryke stof!
'k Sal, solank ek leef, my psalme
vrolik toewy aan sy lof
en Hom, wat sy guns my bied,
altyd groot maak in my lied.

8 Dis die God der leërmagte,
troue Bondsgod van weleer,
God van wordende geslagte,
tot in ewigheid die HEER.
Sion, sing die God ter eer,
prys sy grootheid, loof die HEER!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 18:1 (p. 71)

1 Ek het U hart'lik lief, o HEER! / U is my sterkte en teëweer.
Die HEER 's my rots, my vesting sterk, / my redder wat my heil bewerk,
my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrag van my heil,
my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.

Gebed

Psalm 145:5, 11 (696)

5 Hul sal, o HEER, u goedheid bly herdink / en vir u heil die jubels op laat klink:
genadig, goed, lankmoedig soos weleer, / barmhartig en 'n redder is die HEER.

11 Hy gee die wens van almal wat Hom vrees; / op hul geroep wil Hy 'n redder wees.
Sy hand verdelg die goddelose, maar / die wat Hom liefhet, sal die HEER bewaar.

Skriflesing: Jesaja 25

Teks: Jesaja 25:9; Kategismus Sondag 11

En in die dag sal hulle sê: Kyk, dis ons God op Wie ons gewag het dat Hy ons verlos; dit is die HERE op Wie ons gewag het; laat ons juig en bly wees oor sy hulp. (Jesaja 25:9 AFR1953)

Dit gaan hier oor die geloof in en die belydenis van die Naam van Christus: Jesus Christus die Gesalfde Seun van God deur Wie daar vir ons verlossing gekom het.

Ons gee aandag aan die volgende:

1. Die Here Jesus is van altyd af bely as die komende Verlosser.
2. Die noodsaak van 'n eie belydenis

1. Die Here Jesus is van altyd af bely as die komende Verlosser.

Het u al gedink wat die inhoud van hierdie belydenis van Jesaja is?

- Die feit dat die Here Jesus die ware Saligmaker is, beteken dat Hy in die tye van die Ou Testament al voorspel is as die Een wat sal kom om ons van ons sondes te verlos.
- Die belydenis word gedra deur die wete dat ons hierdie Verlosser nodig het omdat ons self al agtergekom het dat daar nie by een van ons die vermoë is om onsself te verlos nie.

Die teksvers maak melding daarvan dat daar gesê sal word dat die Verlosser op 'n sekere dag sal kom.

- Hierdie Verlosser wat ons so lank verwag het, gaan dan ons verlossing bewerk.
- Ons moet dan juig oor sy hulp.

Die dag het toe aangebreek. Die Here Jesus het gekom.

- Hy het in die tyd wat Hy op die aarde was, ook self gepreek oor sy werk.
- Hy het gepreek dat Hy die enigste Deur is waardeur ons in die koninkryk van God kan ingaan.

Hy is ook die Enigste Saligmaker wat daarop kan aanspraak maak dat sy koms aangekondig is. En dat sy koms toe ook presies was soos wat Hy dit laat voorspel het. As jy nie hierdie Jesus Christus bely nie, beteken dit doodgewoon dat jy nie verlos is nie, en dat jy verlore gaan.

Hierdie Jesus Christus is die volkome Verlosser.
- Dit beteken dat daar nie ’n mag is wat hom teen die Here Jesus kan verset nie.
- Daar staan in Kolossense 2:10 dat Hy die Hoof is wat die gesag het oor alle owerheid en mag, en dat daar niks is wat buite sy beskikking val nie.

Dit beteken ook vir ons iets, want die Here skryf in Romeine 8:32 dat ons deel het in die oorheersing oor alle dinge deur die krag van ons Here Jesus Christus.
Dit verklaar ook wat die boek Openbaring sê dat die uitverkorenes gesien is waar hulle saam met Christus op die trone sit.

Kyk nou saam hiermee na die Here Jesus se wonderwerke:
- Hy het blindes weer laat sien.
    - Hy het daarmee aangetoon dat Hy hulle sou verlos – en dat Hy ook die krag het om dit te kan doen.
- Dieselfde is waar van die dowes wat weer kon hoor.
    - Dis onder andere die teken dat ons nie in eie krag die evangelie van verlossing kan hoor en onsself bekeer nie.
    - In sy onbeperkte mag laat Jesus Christus mense hoor.
    - Hy genees nie net die ore van die liggaam nie, maar ook die ore van die siel – sonder krag en verdienste van ons kant af.
- Of die dooie wat die Here laat opstaan uit sy graf.
    - Daarmee toon Hy sy krag om jou dadelik na jou dood te laat opstaan in die koninkryk van God in.
    - Hy toon ook daarmee aan dat jy op die dag waarvan die teks praat, weer sal laat opstaan uit die graf om tot in ewigheid by Hom te bly.
- Weer: Hy staan alleen op uit die dood. Jy kan nie saamhelp nie.

Die Verlosser wat ons bely, se werk is dus in hierdie lewe en in die ewigheid volmaak. Dis ook geestelik en liggaamlik volmaak.

2. Die noodsaak van ’n eie belydenis.

Dit is vir die Kerk baie noodsaaklik om die Here Jesus – die Koning van die kerk – in hierdie almagsopenbaring van Hom voor die wêreld te bely.
- Die handhawing van hierdie belydenis is ook in ’n sekere sin die toetssteen van die kerk se geloof.
- Dit lewer bewys daarvan of die kerk nog voortdurend sy verlossing in die Here Jesus soek, en of hy die Here Jesus altyd aanbid omdat Hy God is.

As ons die noodsaaklikheid van die belydenis dat Jesus dat Jesus die Here is, moet saamvat, kan ons dit so stel:
- Eerstens is dit die roeping van die kerk om Jesus as God en Koning van die kerk te bely.
- Tweedens is dit ’n opdrag van die Here – ons moet dit doen.
- Derdens moet ’n ware gelowige die drang ondervind om Jesus te aanbid en te verheerlik uit liefde vir Homself en ook uit dankbaarheid vir sy verlossingswerk.

- Vierdens moet die wêreld hierdie belydenis altyd weer hoor.

Hierdie belydenis dat die Here Jesus God en Verlosser is, is belangriker as wat u dink.
- Hoeveel mense is daar wat voorgee dat hulle gelowiges is, maar wat die Naam van die Here en en die Naam *Jesus* as 'n vloekwoord gebruik.
- Dit openbaar dat jy nie die nodige respek vir die Here Jesus het nie.
- U moet maar self op dié vraag antwoord of so 'n mens in die hemel kan wees.

U kan die Here ook op 'n ander manier verloën.
- Jy kan met jou lippe belydenis doen, maar met jou hart die Here verloën.

Die Here sê nie dat die belydenis van Jesus as Verlosser 'n toorwoord is wat al ons moeilikhede en teenstanders gaan wegvee nie.
- Die Here leer dat jou belydenis jou nugter en bekwaam maak.
- Ook in jou denke en in jou beoordeling van sake.
- Dan kan jy gaan veg teen verkeerde dinge en weet jy doen dit om God se eer te beskerm en om sy eer te bevestig.

Ons moet oppas dat ons nie die Here Jesus as Verlosser bely, maar Hom in ons lewe 'n slaaf maak wat ons net nodig het wanneer ons in die moeilikheid is nie.
- Jy kan Hom net as die Lig en die Waarheid bely as jy nie jou eie bekwaamhede of jou eie wense hoër ag as Syne nie.
- Dis nie onbelangrik om te waak oor wat jy van Jesus bely en wat jy daarmee maak in jou lewe nie, want die Here sê in Matteus 10:33 die volgende:

  Maar elkeen wat My verloën voor die mense, hom sal Ek ook verloën voor my Vader wat in die hemele is. (Matteus 10:33 AFR1953)

Dit staan nogal net na die belofte van verlossing in vers 32 waar die Here Jesus die versekering gee dat Hy elkeen wat Hom bely, voor sy Vader in die hemel sal bely.

'n Valse belydenis van die Here Jesus beteken vir jou net een ding: die vlamme van die hel. Die Here laat nie met Hom speel nie.
- Onthou, die belydenis van die Verlosser as God en Koning oor jou eie lewe, gee aan jou vrede.
- Wanneer jy vrede met God het, is daar geen rede dat jy gespanne of gejaagd moet wees in jou lewe nie.
- Dan het jy die sekerheid dat jy verantwoordelik leef tot God se eer, en dat Hy jou jou sondes in Jesus al vergewe het.

Dan sal jy weet dat Jesus Christus die Sleutel is wat die deure van die hemel vir jou oopsluit. Hy is die Gewer van genade – genade wat jou lewe in hierdie tydelike bestaan – maar ook in die ewige lewe – beskerm.

Kom ons lees Kategismus Sondag 11 saam.

Vraag 29: Waarom word die Seun van God genoem: Jesus, wat Verlosser beteken?

Antwoord: *Omdat Hy ons van al ons sondes verlos (a) en by niemand anders enige saligheid te soek of te kry is nie (b).*
(a) Matt 1:21; Heb 7:25. (b) Hand 4:12; Joh 15:4, 5; 1 Tim 2:5; Jes 43:11; 1 Joh 5:11.

Vraag 30: Glo die mense wat hulle saligheid en heil by die heiliges, by hulleself of iewers anders soek, ook in die enigste Verlosser, Jesus?

Antwoord: *Nee, maar hulle verloën met die daad die enigste Verlosser as Heiland, Jesus, alhoewel hulle met die mond in Hom roem (a). Slegs een van twee dinge is immers moontlik: óf Jesus is nie 'n volkome Verlosser nie, óf die wat hierdie Verlosser met 'n ware geloof aanneem, het in Hom alles wat vir hulle saligheid nodig is (b).*
(a) 1 Kor 1:13, 30, 31; Gal 5:4..(b) Heb 12:2; Jes 9:6; Kol 1:19, 20; 2:10; 1 Joh 1:7.

Amen.

Slotgebed

Psalm 43:1, 3, 4 (220)

1 HEER, doen my reg, hoor my gebede, / en twis my twissaak tog vir my!
Want waar ek heengaan, skrede͡op skrede, / beleër my 'n bose͡en wrede,
'n huigelende teenparty / wat my my saak bestry.

3 Send, HEER, uit hemelse geweste / u lig en waarheid neer op my!
Laat dié my bring na Sions veste, / want daar is 't my die allerbeste,
waar ek, u woning ingelei, / my in u diens verbly.

4 Dan gaan ek in na Gods altare, / tot God, my God, my vreugde͡en lied;
dan speel ek met die harpenare, / dan ruis vir U my blye snare –
vir U wat my, ná kort verdriet, / 'n eewge vreugde bied.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 12 April 2009, Opstandingsondag – aanddiens